Die Lewende Kerk

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron
Sondag 1 Februarie 2009
(Elektronies by www.bergbron.org.za)

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Baie welkom!

Baie welkom in die Here se huis en tussen mense wat Hom dien.

Erediens ...

Vandag se erediens word gelei deur ds. Stephan Briel.
Lees: 1 Samuel 24
Teks: 1 Samuel 24: 16
Hantering van onreg.

♥ Omgee ...

- Oom Ben van der Merwe is verswak weens vernouïngs in die are van sy hart.
- Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat Johan Vorster na 'n hartklep- en knievervanging weer begin werk het.

ONS BID VIR ELKEEN WAT DIE HERE SE TROOS EN KRAG NODIG HET

Gebed en Voorbidding: 1. Uitreikbediening: Godwin: kom van Soedan, in sy tweede studiejaar by Mukhanyo Teologiese Kollege, word finansieel gehelp deur Vision to Africa.
2. Ons verhef God se Naam, JAHWEH-ELOHIM: 'Ons verhef u Naam oor die hele aarde as die Skepper God'. Gen. 2: 4 – 25.
3. Die komende Verkiesing: dat ons land se leiers met wysheid, eerlikheid en integriteit, nie magsbehep nie, maar in landsbelang sal optree.

† Kategese ...

- Les 1 in die klein klasse na die erediens.
- Ds. Stephan se katkisasiegroep kom weer DV vanmiddag om 17:00 in die groot klaskamer bymekaar.
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

◊ Offergawes:

- Kollekte tydens die diens: Altyd vir die versorging van behoeftiges.
- Deurkollekte vandag: Teologiese studentekas.

Wil jy by die gemeente aansluit? Vul asseblief 'n pienk vorm in - op die tafel by die deur. Kom geniet direk na die diens iets in die saal en ontmoet gerus die predikante en ander lidmate. Bel ds. Stephan (011-477-2133 of 082 253 3029).

☼ Afkondigings ...

- Die **geyser** in die saal sal voortaan net vir groter funksies en begrafnisse aangeskakel word, om te help met besparing. Sorg asb. vir ekstra kookwater om koppies, ens. te was.
- **Engelse erediens** vanaand om 18:00.
- Die volgende **Oorwinnaarskamp** word beplan vir DV **13 - 15 Maart 2009**. Ons begin reeds 4 weke vooraf op Woensdagaande met die teorie van die kursus. Die eerste Woensdagaand is DV 18 Februarie 2009 om 19:00 - 20:00. Enigiemand wat belangstel om die kursus en kamp by te woon, moet hulle name vir Ds Stephan gee.
- Die volgende **FFI vlak 1** word beplan vir DV **19 - 21 Februarie 2009**. Dit is 'n wonderlike naweek waar jy geleer word om jou identiteit in Christus in verhoudings uit te leef. Almal wat belangstel, kan hulle name vir Ds Stephan gee.
- **Teeskink:** Vandag skink Kinnie Bezuidenhout, Hantie van Jaarsveld, Hantie Engelbrecht, Johanna Joubert, Elise Minnaar en Sue Venter. Volgende Sondag is dit Elzette van Niekerk en haar groep se beurt. Tee, ens. sal buite **voor die kerkgebou** bedien word.
- **Op Kennisgewingbord**: 1. Fees 150-info 2. L 10-T kursus (GK Noordrand)
- Vir afkondigings of berigte (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (**011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286**).
- **Kamers te huur**

  – kontak Marietjie Greeff (082 602 3023)

1. Kothuis (met 1 slaapkamer, badkamer), slegs vir 'n manspersoon – R 2 000 p.m.
2. Kamer met gedeelde badkamer – R 1 500 p.m.

Vroue-aksie:
*Onthou asb. om jou naam vir Ankie te gee indien jy kan help met teeskink , blomme of die begrafnisdiensgroep se hande kan sterk.
Proefneming!! Gedurende Februarie beplan ons om tee, koffie en koeldrank te bedien aan die noordekant voor die kerk.
***Almal bo 60** – ons beplan 'n lekker kuier by "Second Cup" DV op Woensdag, 11 Februarie. Sê asb. vir Gert Prinsloo of Ankie as jy saamgaan.

♫ Gereelde byeenkomste ...

- Engelse uitreikdiens elke Sondagaand om 18:00
- Tirisano: Dinsdag 17:00-19:00, Woensdag 17:00-19:00 en Donderdag 17:30–19:30 – dis Maureen Mooki se klasse, gebeds- en Bybelstudiebyeenkomste vir ongeletterde volwassenes in die saal.
- Gebedsgeleenthede – maak asseblief tyd en kom bid saam! Gee gerus spesifieke gebedsversoeke deur aan Marietjie Greeff, leier van die Diensgroep vir gebed en voorbidding: 011-672 0241 (huis), 082 602 3023, faks: 011 472-4417 of bid@bergbron.org.za Sondae 08:45 op die verhoog. Gebedsaande is nou **Donderdae** 18:00 in die Kerkgebou.
- Die selgroep vir oueres vergader Woensdae om 09:45. Ons drink eers saam tee, kuier en doen Bybelstudie en voorbidding - bel vir Danie en Johanna de Klerk (011 673-4483) met gebedsversoeke of as jy vervoer nodig het.
- Musiekoefening vir die sangers: Maandae 19:00-21:00. ♫♪♫♪

Lekker verjaar ...

Verjaardae vandag en hierdie week:

01/02	Wayne Faver	0835080069	0823367758
02/02	Jaco van De Vyver		0828726873
03/02	Petra Schoeman	0823915281	0114778734
05/02	Fred Hoogendyk	0823789626	0117641807
05/02	Marilyn Lötter	0821917289	0118371977
07/02	Hettie Beyleveldt		0114778918
07/02	Ella Botha		0117636525

Bergbron besonderhede...

Ds. Stephan Briel – gemeentepastor en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Noel Bowers – English ministry: 082 823 3244, noelcmn@hotmail.com
Dr. Leon van Niekerk – pastorale sielkundige en leraar: 011 472 9966, 082 577 9013, leonvn@uj.ac.za

koster@bergbron.org.za	Hendrik Fritz	082 688 6974
musiek@bergbron.org.za	Miriëtte Hoogendyk	072 243 8600
susters@bergbron.org.za	Ankie de Klerk	011 672 7130

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 0180 350 349
Kantoorure: Dinsdae, Donderdae en Vrydae van 09:00 tot 13:00. **Tel. 673 9705**

Die Lewende Woord vir jou vandag…

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: 1 Sam 24.
Fokus: 1 Sam 24: 16.
Hantering van onreg.

- Hoewel Saul hom nie reg behandel het nie, het Dawid steeds Saul se gesag erken. Leer om gesag te aanvaar sodat God jou in ‘n hoër posisie kan plaas.
- Onvergewensgesindheid en griewe sal ons persoonlikheid, gesindheid en ons verhoudings negatief raak. Vergewe sodat jy weer heel kan wees.
- Mense kan ons nie baie keer vergoed nie maar God kan en wil ons vergoed in Christus.
- Wanneer jy weet dat God die stryd namens jou voer en jou onregte sal vergoed, kan jy met nuwe vertroue en met ‘n lied in jou hart leef. Wat ‘n bevrydende manier om te leef!

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:

- Hoekom is vergifnis so belangrik?
- Op watter maniere kan jy God se vergoeding verbeur?
- Wat is jou troos wanneer jy onreg verduur?

ONS HUIS TEHUIS VIR BEJAARDES
wag aansoeke in vir die volgende vakante poste:
GEREGISTREERDE VERPLEEGKUNDIGE (Suster)
INGESKREWE VERPLEEGKUNDIGE (Stafverpleegster)

NAVRAE: **Mev Marianne Ferreira:** **011-6720362**

SLUITINGSDATUM: **13 Februarie 2009**
AANVANGSDATUM: **So spoedig moontlik**
RIG CV AAN: **Die Bestuurder**
Ons Huis
Posbus 3007
Florida
1710

Faksnommer: 011-6720416
E-pos: onshuisflorida@absamail.co.za